

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

GRAAN SA GRAINSA SA	DATUM		DATUM		+ - WEEK GELEDE		+ - MAAND GELEDE		+ - JAAR GELEDE	
	2017/02/13		2017/02/10		2017/02/06		2017/01/16		2016/02/15	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data
Brent (\$/b)	56.62	0.97	1.7%	55.65	-0.6%	56.98	1.7%	55.70	63.4%	34.66
US\$: ? ZAR	13.38	0.050	0.4%	13.33	1.0%	13.25	-1.5%	13.58	-14.9%	15.72
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 1,970.02	55	2.9%	R 1,915.43	*CBOT Mar sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Mielies Mrt +12:00 die vorige dag					
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 2,207.42	101	4.8%	R 2,106.11	*CBOT Mar sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Koring Mrt +12:00 die vorige dag					
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 5,206.37	176	3.5%	R 5,030.18	*CBOT Mar sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Soy Mrt +12:00 die vorige dag					
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)										
Corn Spot	374.00	9.00	2.5%	365.00	2%	365.00	4%	358.50	-4%	391.00
Wheat Spot	449.00	19.00	4.4%	430.00	4%	430.00	5%	426.00	-11%	502.00
Soybean Spot	1059.00	32.00	3.1%	1027.00	3%	1027.00	2%	1042.50	19%	891.25
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton))										
SORGHUM Jul '17	3168	0	0.0%	3168	1.7%	3115	-2.5%	3250	-22%	4080
WMAZ SPOT	2917	-46	-1.6%	2963	-2.3%	2985	-15.9%	3470	-40.9%	4938
YMAZ SPOT	2886	-19	-0.7%	2905	-2.0%	2944	-10.4%	3222	-23.3%	3761
SOY 50 SPOT	6500	-25	-0.4%	6525	-0.8%	6550	1.5%	6405	-6.5%	6950
SUN SPOT	5170	0	0.0%	5170	-1%	5200	-6%	5491	-37%	8220
WHEAT SPOT	4000	-18	-0.4%	4018	1%	3980	1%	3959	-13%	4620
OLIESADE	2017/02/10	Bron: Oilworld		2017/02/03	Feb 2016	Maart 2015				
Soya-oil, Arg.	786			768	2%	769	16%	676		
Soya-pell, Arg.	359			355	1%	339	-2%	368		
Soybean, Brazil	432			422	2%	410	5%	410		
USA Runner 40/50	1650			1650	0%	1600	27%	1300		
Sun-oil, Arg.	745			745	0%	755	-7%	800		
Sun-oil, Black Sea	760			760	0%	750	1%	750		
Sunseed,Black Sea	395			395	0%	400	-3%	409		
Rapeseed, EU cif	453			450	1%	425	7%	399		
Palmk oil Mal, EU	1745			1760	-1%	1470	19%	1037		
JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE										
<p>Markoorsig: Die rand verhandel vanoggend effens swakker as die vlakke wat Vrydag 12:00 gesien was, maar effens sterker as die vlakke wat Donderdag voor die president se staatsrede gesien was. Die rande verhandel vanoggend teen R13.38/\$ met die fokus wat nou grootliks verskuif na die begrotingsrede wat volgende week deur die Minister van Finansies gedoen word. Die Brent Ru olie pryse het toenames getoon, na die verslag van die Internasionale Energie Agentskap wat getoon het dat die OPEL lande hul produksie beperkinge gehaal het, terwyl die vraag na olie skerper as verwagtinge toegeneem het. Die VSA se olie produsente put egter voordeel uit die versterking in die pryse en die uitset in die VSA verhoog, wat die pryse teen vlakke van rondom middel \$50's per vat hou. Die olie verhandel vanoggend teen \$56.62/vat.</p> <p>Sojabone: Groter sojaboonproduksies in Brasilië en Argentinië dra by tot die geskatte verhoging van 8 miljoen ton jaar-op-jaar in Suid Amerika. Die verwagting is dat die wêreld sojaboon uitvoere met 5.6 miljoen ton behoort te styg vanaf Januarie tot Augustus 2017. In China het die sojaboon invoere met ongeveer 3.5 miljoen ton toegeneem vanaf verlede jaar en behoort amper 20 miljoen ton te bereik vanaf Januarie tot Maart 2017. Die groot verwagte Brasiliaanse produksie begin nou in die mark in beweeg en kan druk op die internasionale sojaboonpryse plaas. Alhoewel die groot Brasiliaanse oes bydra tot groot wêreldvoorraad, word dit nog nie in die internasionale markpryse weerspieël nie. Verminderde produsente verkope sowel as vrese dat logistieke bottlenekke kan ontstaan met uitvoere het die vraag na Amerikaanse sojabone steeds ondersteun. Die produksieverliese in die Argentynse produksie blyk om nie so groot te wees soos wat aanvanklik verwag was nie siende dat die weeromstandighede verbeter het die laaste tyd. Die internasionale sojaboonpryse het verlede week ondersteuning gevind as gevolg van die hoër as veragte Amerikaanse uitvoerverkope wat gerapporteer was verlede week deur die USDA. Groter Chinese invoere is hoofsaaklik as gevolg van gunstige persmarges en gunstige vraag na sojaboonmeel. Plaaslik: Die plaaslike sojaboonpryse het verlede week hoofsaaklik sterker verhandel met die pryse wat Vrydag sterker afgesluit het as waarteen dit Maandag geopen het. Die gaping tussen die plaaslike Safexprys en die afgeleide sojaboonprys het verlede week weer vergroot met die plaaslike prys wat sterker verhandel het terwyl die afgeleide prys gedaal het. Die afgeleide pryse het egter nader na die einde van die week ondersteuning gevind.</p> <p>Sonneblom saad: Die skerp toename in produksie en ook laer pryse het bygedra tot groter plaaslike verbruik van sonneblomsaadolie en meel in Rusland en die Oekraïne. In Rusland is die verwagting dat die vraag na sonneblomolie en meel met ongeveer 8% behoort te styg vanaf Oktober 2016 tot en met September 2017. Die sonneblomsaad uitvoere vanaf Rusland en die Oekraïne het toegeneem in Desember 2016, asook die uitvoere van meel en olie wat as gevolg van die groot produksies teen diskonto vlakke aangebied kan word teenoor ander olies. Die pryse van sonneblomsaadmeel wat baie sywaarts beweeg het die afgelope tyd het die verbruik daarvan in die Europese Unie gestimuleer vir diere voere. Plaaslik: Die plaaslike sonneblompryse het verlede week hoofsaaklik positief verhandel en het die week sterker afgesluit Vrydag. Die plaaslike Safexprys is laer as die afgeleide sonneblompryse en verhandel nader aand die uitvoer pariteitsprys.</p> <p>Canola: Die canola aanplantings in Kanada word verwag om ten minste 5% toe te neem hierdie seisoen met die pryse van canola wat meer gunstig is as die van ander gewasse soos koring. Die groter verwagte oppervlakte wat onder canola aangeplant behoort te word, kan lei tot 'n rekordoes in Kanada van 'n geskatte 20 miljoen ton indien daar normale weertoestande heers. 'n Sterk vraag na bio diesel in die VSA en groot Kanadese canola olie aanbod het die Kanadese bio-diesel uitvoere tot 'n rekord vlak van 53 000 ton in Desember 2016 laat styg en het 'n nuwe hoogtepunt van 361 000 ton in die 2016 kalender jaar bereik. Groot canola uitvoere vanuit Kanada na China plaas onsekerhede oor die Kanadese canola voorraadvlakke. Die verwerkings van canola in Kanada het rekordvlakke van 832 000 ton in Desember 2016 en die geskatte verwerking vir Januarie is 790 000 ton. Plaaslik: Die plaaslike produksie van canola word vir die 2016/17 bemarkingseisoen op 105 460 ton geskat volgens die NOK se 6de produksieskatting vir die seisoen. Dit is afwaarts aangepas vanaf die 108 860 ton wat in die 5de skatting geskat was.</p> <p>Grondbone: Die grondboonmark in die VSA is steeds sterk met die voorraadvlakke en prosessering van grondbone in die VSA wat hoër is. Die grondboon uitvoere vanuit die VSA is ook hoër met China en Vietnam wat die grootste invoerbestemmings van VSA grondbone is. Plaaslik: Plaaslik lyk die grondbone wat aangeplant is gunstig, met goeie reën wat oor groot gedeeltes van die produserende streke geval het.</p>										
Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grainsa.co.za										